## 16.17 RAPPORT 11 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – SUID-AMERIKA (Artt 31, 32, 69)

## 16.17 REPORT 11 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – SOUTH AMERICA (Arts 31, 32, 69)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

**Deputate verantwoordelik vir die lessenaar:** Dr DG Breed (s), Ds RP Buys en Prof IW Ferreira
**Deputies responsible for the desk:** Dr DG Breed (c), Rev RP Buys and Prof IW Ferreira

| | |
|---|---|
| **1. Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB)**<br>Ekumeniese eenheid | **1. Igreja Presbiteriana do Brasil (IPB)**<br>Ecumenical Unity |
| 1.1 *Opdrag* | 1.1 *Mandate* |
| 1.1.1 Dat die Algemene Sinode sy dankbaarheid uitspreek omdat die verhoudinge tussen die GKSA en die IPB die afgelope jare gegroei het. | 1.1.1 The General Synod is to express its gratitude for how the relationship between the GKSA and IPB has grown over the last few years. |
| 1.1.2 Dat die Sinode met dankbaarheid kennis neem van die IPB se besluit aangaande ekumeniese verhoudinge met die GKSA. | 1.1.2 The Synod is to take note, with thanks, of the IPB's decision regarding ecumenical relations with the GKSA. |
| 1.1.3 Dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die lig van eenheid in leer, diens en tug, met die Igreja Presbyteriana doBrazil, bande van "ekumeniese eenheid" aangaan. | 1.1.3 The GKSA is to take up ecumenical unity with the IPB given the unity in doctrine, service and discipline. |
| 1.1.4 Dat die eenheid tussen die GKSA en die IPB verder uitgebou word onder andere deur samewerking op verskillende terreine en die bywoning van en insette tydens Sinodes. | 1.1.4 Unity between the GKSA and IPB is to be fostered by means of *inter alia* cooperation on different terrains and attendance at and input during Synods. |
| <u>*Vir kennisname*</u> | <u>*To be noted*</u> |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag* | 1.2 *Execution of mandate* |
| 1.2.1 Dr DG Breed het die IPB se Executive Commission van die General Assembly van 27–31 Maart 2017 as afgevaardigde van die GKSA bygewoon. Hy het tydens die Assembly geleentheid gehad om met verskeie van die Komitees van die IPB gesprek te voer en om 'n groeteboodskap te bring. | 1.2.1 Dr DG Breed met with the IPB's Executive Commission at their General Assembly, from 27-31 March 2017, on behalf of the GKSA. He had the opportunity during the Assembly to speak to a number of the IPB's Committees and to convey the GKSA's greetings. |
| 1.2.2 Dit is duidelik dat die IPB met groot erns steeds daarna streef om getrou te bly aan die Skrif en Belydenisskrifte en dat die Here steeds die IPB se ywer om die evangelie in Brasilië | 1.2.2 It is clear that the IPB earnestly strives to remain true to Scripture and the Confessions and that the Lord has blessed the IPB's endeavours to proclaim the gospel in Brazil and other |

| | |
|---|---|
| en in ander dele van die wêreld uit te dra, seën. | parts of the world. |
| 1.2.3 In die gesprekke tydens die vergadering het dit geblyk dat die IPB belangstel om, as deel van hulle sendingaktiwiteite betrokke te raak by die werk wat Docenda doen. Dr DG Breed het dit reeds met Docenda opgeneem en 'n skriftelike voorlegging aan die IPB van hoe die IPB Docenda kan ondersteun, word reeds deur Docenda voorberei. | 1.2.3 It became evident during a meeting that the IPB is interested in becoming involved with Docenda's work, as part of their mission activities. Dr DG Breed had already taken this up with Docenda and prepared a written presentation to the IPB on how the IPB could support Docenda. |
| 1.2.4 Dr DG Breed is die geleentheid gebied tydens die besoek die Woord die Saterdagaand en twee maal die Sondag by 'n plaaslike kerk te bedien. | 1.2.4 Dr DG Breed was given the opportunity, during the visit, to minister the Word the Saturday evening and twice that Sunday to a local congregation. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.4 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.2.4 noted.** |
| <u>*Vir besluitneming*</u> | <u>*To be decided*</u> |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* | 1.3 *Recommendations (Mandate to the appointed Deputies)* |
| 1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die IPB en in besonder vir die moontlikheid dat daar via Docenda saamgewerk kan word in die opleiding predikante vir kerke in Afrika. | 1.3.1 Note be taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and IPB and especially for possible cooperation, via Docenda, for the training of ministers for churches in Africa. |
| 1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak. | 1.3.2 Unity be maintained and fostered, by means of *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation at a practical level. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.** |

D. **AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTARY REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Igreja Reformada do Brasil (IRB)**<br>Ekumeniese eenheid | **1. Igreja Reformada do Brasil (IRB)**<br>Ecumenical Unity |
| 1.1 *Opdrag*<br>Deputate Ekumenisiteit (Buitelands) kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art 49 (Acta 1997:176, 3.1.1). | 1.1 *Mandate*<br>The Deputies Ecumenicity (International) are to maintain continuous contact with international Reformed Church communities regarding matters of urgent and common interest, in accordance to CO, art 49 (Acta 1997:176, 3.1.1). |
| <u>*Vir kennisname*</u> | <u>*To be noted*</u> |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag* | 1.2 *Execution of mandate* |
| 1.2.1 Daar is tydens 'n besoek van Jan Geous Los en Roberto Verburg aan Potchefstroom kontak met die kerke gemaak. | 1.2.1 Contact was made with the churches during a visit of Jan Geous Los and Roberto Verburg to Potchefstroom. |
| 1.2.2 Hulle is relatief klein kerkverband wat | 1.2.2 This is a relatively small denomination |

| | |
|---|---|
| die opregte begeerte het om ‘n suiwer Gereformeerde Kerk in Brasilië te wees. Hulle het 'n behoefte aan Gereformeerde opleiding van hulle predikante en kontak is reeds met die TSP en die Fakulteit Teologie gemaak. | with the sincere desire to be a pure Reformed Church in Brazil. It is in need of Reformed training of ministers and contact has already been made with the TSP and the Faculty of Theology. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.2 kennis geneem (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).** | **Decision: Points 1.1 to 1.2.2 noted (amendment already added – Deputies Acta).** |
| <u>*Vir besluitneming*</u> | <u>*To be decided*</u> |
| 1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* | 1.3 *Recommendations (instructions to the next Deputies)* |
| 1.3.1 Dat ons kerklike kontak met die IRB aangaan en die besluit aan hulle kerke oordra word. | 1.3.1 Contact is to be made with the IRB and this decision is to be conveyed to their churches. |
| 1.3.2 Dat daar veral saamgewerk word om hulle te help om die behoefte aan Gereformeerde predikantsopleiding aan te spreek. | 1.3.2 Cooperation is to especially relate to assistance in the Reformed training of their ministers. |
| **Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.** | **Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.** |

E. **Groeteboodskap prof DC Gomes van die Igreja Presbiteriarana do Brasil (IPB)**
Prof DC Gomes dra die groete van die IPB aan die vergadering oor waarna die voorsitter, dr DG Breed, ‘n dankwoord aan hom rig, in gebed aan die Here opdra en wens hulle ‘n voorspoedige vlug toe.

**Greeting prof DC Gomes of the Igreja Presbiteriarana do Brasil (IPB)**
Prof DC Gomes delivers the greeting from the IPB to the meeting after which the chairman, dr DG Breed, directs a word of thanks at him, entrusts him to the Lord in prayer, and wishes him a safe journey home.